# 28 Augustus 2023 - Lesing 111 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Seën van geestelike werksaamheid – 6/4/59

**NO: 7327** In drukke geestelike werksaamheid maak julle julleself steeds meer los van die materiële wêreld en julle word oorwinnaars daarvan, net soos van haar heer. Hoe meer julle julleself besighou met geestelike werksaamheid, des te meer kom die siel los uit haar liggaamlike omhulsel, - ofskoon julle op aarde lewe, - maar sy verhef haarself na ander sfere. **Sy betree die weg na haar ware Vaderland,** sy is slegs 'n gas op die aarde, wie haar ware Vaderland nie vergeet het nie, maar dit onstuitbaar nastreef.

Maar waaruit bestaan die "geestelike werksaamheid" wat julle verhef uit die aardse sfeer? Elke gedagte in die geestelike wêreld lei na sulke geestelike werksaamheid, want sodra die siel die gedagtes opvang, **wat aan haar van die ander kant af toegestuur word**, sal die ligwesens met haar in verbinding tree en as te ware 'n geestelike tweegesprek voer, d.w.s.: die een gedagte sal die ander voortbring, die gedagtes sal verwys na God en sal weer die tweespraak met God inlei en die gevolg daarvan sal wees, **dat die mens hom nou ook met sy medemens oor geestelike dinge gaan besighou;** dat hy homself nie tevrede sal stel met wêreldse kennis nie, maar dat al sy denke juis te make sal hê het met die geestelike gebied, van waaruit hy nou onderrig word, van waaruit die siel nou geestelike voedsel ontvang.

**Die siel sal daardeur ryp word**, sy sal haar liggaam aanspoor om hom ook ooreenkomstig haar geestelike insig te gedra tydens die aardse lewe. Die mens sal self aan homself werk, hy sal bewustelik lewe, d.w.s.: **Hy sal bewus wees van die sin en die doel van sy bestaan en hy sal daarnatoe werk, sodat hy die doel kan bereik**. Hy sal weliswaar sy aardse lewe lei, maar dit sal vir hom nie die hoofsaak wees nie, want steeds weer sal sy gedagtes omhoog sweef, na die Ryk wat nie van hierdie wêreld is nie.

En hy sal nie anders kan as om vir hierdie Ryk werksaam te wees nie, deur op die medemens te probeer inwerk, om aan die geestelike ryk meer aandag te skenk as aan die aardse lewe. Hy sal hulle opmerksaam maak op die nuttelose werk van die lewe, wat slegs op die wêreldse gerig is, Hy sal met sy medemens gesprekke voer wat gaan oor die kruis van Golgota, - hy sal nie anders kan as om steeds gewag te maak van die goddelike Verlosser JaHshua Messias nie, omdat die geestelike ryk hom vashou, **netsoos JaHshua Messias self, Wie vreugde beleef aan Sy kinders wat Hom liefhet en probeer navolg.**

En julle sal leer om die aardse lewe ook op sy korrekte waarde te skat, deur geestelik werksaam te wees en so julle weg gaan met geestelike resultate vir julle siel. Want julle word gelei deur die Ligwesens, aan wie se sorg julle tydens julle aardse lewe toevertrou is. En hul invloed sal nie ophou nie en altyd slegs vir julle siele geld, wat alleen maar kan wen deur geestelike werksaamheid, wie ryp sal word tydens die aardse lewe en ook 'n ligtende voorbeeld sal wees vir julle medemense.

Want 'n siel, wat na die geestelike streef, is ook uiterlik te herken, **deurdat sy onophoudelik werksaam is vir die Ryk van God en onophoudelik werk in die Wingerd,** omdat sy van binne die **drang voel om God te dien** en ook om ander siele na Hom toe te lei, **want in haar is liefde**, wie haarself voortdurend sal uiter in die werksaam wees vir God en Sy Ryk. Amein.